Die Regterstoel van Christus.

2Kor 5:10 Want ons moet almal voor die regterstoel (Grieks = Bema) van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad. " kwaad = Gr = Phalos beteken waardeloos. "

DIE REGTERSTOEL VAN CHRISTUS, en die lone en krone van die kind van God.

Die regterstoel van Christus is dus 'n plek, nie van veroordeling nie, maar van beloning en lof, waar God Sy kinders beloon volgens hulle werke.

Rom 8:1 Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.

Die kind van God gaan dus beoordeel word volgens sy werke wat hy vir God op aarde gedoen het.

2 Kor9:6 Maar dink daaraan: Wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai. Hoe goed en hoe wyd ons gesaai het, sal bekend gemaak word eers wanneer die beloning oorhandig word.

Mat 10:42 En elkeen wat een van hierdie kleintjies **net 'n beker** kou water laat drink, omdat hy 'n dissipel is, voorwaar Ek sê vir julle, hy sal sy loon sekerlik nie verloor nie.

Dat daar grade van beloning is, word gesuggereer in die taal wat ons Here Jesus gebruik het toe Hy gepraat het oor hulle wat die grootste en ander wat die geringste in die koninkryk sal wees. Sommige sal oor 'n paar stede heers, en sommige oor baie. Ander weer, al is hulle gered, sal oor geen stede heers nie. (Luk 19)

As kind van God gewas in die Bloed van Jesus, het ons onbeperkte geleenthede om vir onsself skatte in die Hemel bymekaar te maak.

Mat 6:19 Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde, waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie;

Mat 6:20 maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie;

Kwaliteit Werk !!

In die huidige tydperk waarin ons tans lewe, duskant die wederkoms van Jesus. Word daar baie klem gelê op "Kwantiteit"

eerder as kwaliteit. Daar word verkiesliker gefokis op getalle as karakter. Dit is dan sonder twyfel 'n groot fout wat gemaak word. Iemand mag iets doen wat in die oë van die mens as 'n groot werk beskou word en daarvoor groot lof en eer ontvang, maar volgens God se standaarde mag sy werk dalk glad nie goed wees nie. Die enigste beloning wat hy dan ontvang, mag wees wat hom hier in die vorm van die eer van mense gegee word. Dit sal dus nie die kwantiteit van ons werk wees nie, maar die kwaliteit wat sal tel.

Mar 12:41 En Jesus het reg voor die skatkis gaan sit en gekyk hoe die skare geld in die skatkis gooi. En baie rykes het veel ingegooi.

Mar 12:42 En daar kom een arm weduwee en gooi twee geldstukkies in, **dit is 'n oortjie**.

Mar 12:43 Toe roep Hy sy dissipels na Hom en sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie arm weduwee het meer ingegooi as almal wat in die skatkis gegooi het.

Mar 12:44 Want hulle het almal uit hulle oorvloed ingegooi; maar sy het uit haar gebrek ingegooi alles wat sy gehad het, haar hele lewensonderhoud.

Die Weduwee van Sarfat !!

1Kon 17:10 Daarop het hy (Elia) hom gereedgemaak en na Sarfat gegaan; en toe hy by die ingang van die stad kom, was 'n weduwee juis besig om daar houtjies bymekaar te maak. En hy roep haar en sê: Gaan haal tog vir my 'n bietjie water in die kan, dat ek kan drink.

1Kon 17:11 Terwyl sy loop om dit te gaan haal, roep hy na haar en sê: **Bring tog vir my 'n stukkie brood saam**.

1Kon 17:12 Maar sy antwoord: So waar as die HERE u God leef, ek het nie 'n broodkoek nie, net maar 'n handvol meel in die pot en 'n bietjie olie in die kruik; en hier maak ek nou 'n paar houtjies bymekaar; dan gaan ek en maak dit vir my en my seun klaar, dat ons dit kan eet en sterwe.

1Kon 17:13 En Elía sê vir haar: Wees nie bevrees nie, gaan heen, doen volgens jou woord; maar maak eers daarvan vir **my 'n broodkoekie en bring dit uit vir my;** daarna kan jy vir jóu en jou seun iets klaarmaak.

1Kon 17:14 Want so sê die HERE, die God van Israel: Die meel in die pot sal nie opraak en die olie in die kruik sal nie minder word nie, tot op die dag dat die HERE reën op die aarde sal gee.
1Kon 17:15 En sy het gegaan en gehandel volgens die woord van Elía; en sy het geëet—sy en hy en haar gesin dae lank:
1Kon 17:16 die meel in die pot het nie opgeraak en die olie in die kruik nie minder geword nie, volgens die woord van die HERE wat Hy deur die diens van Elía gespreek het.

x - Strale !!

In die begin jare met die uitvindsel van die X-Strale was 'n sekere professor een aand by 'n onthaal gevra, om die nuwe uitvindsel te demonstreer. Hy het sommige van die gaste wat teenwoordig was, gevra om hom toe te laat om hulle juwele onder die X-straalmasjien te plaas. Toe hy die krag aanskakel, het die strale die ware karakter van die juwele geopenbaar, en sommige van die gaste het tot hulle verontwaardiging en verleentheid ontdek dat wat hulle as egte juwele beskou het, maar net nagemaaktes was.

Daar kom 'n dag wanneer die Here die geestelike X-straalmasjien gaan aanskakel en die ware motiewe of gedagtes van ons harte sal openbaar. Op daardie dag sal die groot vraag nie wees hoeveel werk ons instaat was om te doen nie, maar wat die "Kwaliteit" daarvan is. Dit sal nie die grootte en die glans van die juwele in die oë van mense wees wat tel nie , maar wat hulle werklik in die oë van God is. Die wat eg en opreg is, sal beloon word.

Die Bema Oordeel !!

2Kor 5:1 Want ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons **'n gebou het** van God, **'n huis nie met** hande gemaak nie, ewig, in die hemele.
2Kor 5:2 Want om hierdie rede sug ons ook en verlang om met ons woning uit die hemel oorklee te word,

2Kor 5:3 as ons ten minste gekleed en nie naak bevind sal word nie.
2Kor 5:4 Want ons wat nog in die tent is, sug en voel beswaard, omdat ons liewer nie ontklee nie, maar oorklee wil word, sodat die sterflike deur die lewe verslind kan word.
2Kor 5:5 Maar Hy wat ons juis hiervoor toeberei het, is God, wat ons ook die Gees as onderpand gegee het.
2Kor 5:6 Daarom het ons altyd goeie moed en weet dat as ons in die liggaam inwoon, ons van die Here uitwoon.
2Kor 5:7 Want ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie.
2Kor 5:8 Maar ons het goeie moed en verkies om liewer uit die liggaam uit te woon en by die Here in te woon.
2Kor 5:9 Daarom lê ons ons ook ywerig daarop toe, of ons inwoon of uitwoon, om Hom welbehaaglik te wees.
2Kor 5:10 Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad. { Kwaad hier beteken nie sonde nie. } Ons sondes is weggewas deur die Bloed van Jesus volgens Opb 1:5.

Volgens vers 10 sal elke kind van God voor die regterstoel van Christus verskyn (Grieks: BEMA-oordeel.) om te ontvang volgens wat hy deur die liggaam gedoen het, of dit goed is of kwaad. " Kwaad = Gr = Phalos " beteken Waardeloos, onaanneembaar.

1Kor 9:24 Weet julle nie dat die wat op die baan hardloop, wel almal hardloop, maar dat een die prys ontvang nie? Hardloop só dat julle dit sekerlik kan behaal.
1Kor 9:25 En elkeen wat aan ‘n wedstryd deelneem, onthou hom in alles—húlle nogal **om ‘n verwelklike krans te ont**vang, maar ons **‘n** onverwelklike.
1Kor 9:26 Ek hardloop dan soos een wat nie onseker is nie; .....

Paulus verwys hier na 'n wedloop waarin elke kind van God gewikkel is, en vir die oorwinnaar is daar 'n onverwelklike krans.

Die BEMA is dan 'n verhoog of platform by hierdie geleentheid, waar die kind van God nie veroordeel word oor sy sondes nie, (want die bloed van Jesus het reeds al u sondes weggewas. -
Rom 8:1 Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.) MAAR hier ontvang u LONE en KRONE volgens u werk hier op aarde.

Die regterstoel van Christus, die BEMA, is NIE die WITTROON-OORDEEL nie (Op 20:11) Die WITTROON-OORDEEL is vir die SONDAAR, die tweede opstanding aan die einde van die Duisendjarige Vrederyk. Dan sal die SONDAAR voor God verskyn en finaal in die hel gewerp word.

Die REGTERSTOEL van CHRISTUS - BEMA is dus net vir die GELOWIGE.

DIE SONDAAR

1. Het geen huis in die Hemel nie.
2. Het geen verlange om uit te woon nie.
3. Is nie gekleed nie.
4. Het nie die Gees as onderpand nie.
5. Wandel nie deur die geloof nie.
6. Kan God nie welbehaaglik wees nie.

REKENSKAP GEE

Rom 14:12 So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee.
Luk 16:2 ..... Gee verslag van jou bestuur van sake;
Jak 1:12 Salig is die man wat versoeking verdra, want as hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang wat die Here beloof het aan die wat Hom liefhet.
Gal 6:5 Want elkeen sal sy eie pak dra.

Die boeke van die Bybel, word die KANONIEKE boeke genoem. KANONIEK beteken = "om te meet, om reg te meet" [God meet ons met ons eie maatband. Luk 6:38 b ..... want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word.]

2Kor 9:6 Maar dink daaraan:
Wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai.

2Kor 5:10 b ....., volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad. [kwaad BETEKEN nie sonde nie. Die Griekse woord vir kwaad is PHALOS en dit beteken - WAARDELOOS. Terwyl die Griekse woord vir SONDE , HAMARTIA , KAKOS of PONEROS is.]

JOU WERKE VIR GOD

Joh 14:12 b .....—die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan.

Mat 28:19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies .....

Mat 6:1 Pas op dat julle nie jul liefdadigheid voor die mense bewys om deur hulle gesien te word nie; anders het julle

geen loon by julle Vader wat in die hemele is nie.

Mat 6:3 Maar jy, as jy liefdadigheid bewys, laat jou linker-hand nie weet wat jou regterhand doen nie,

Mat 6:5 En wanneer jy bid, moet jy nie wees soos die geveinsdes nie; want hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die hoeke van die strate te staan en bid, om deur die mense gesien te word. Voorwaar Ek sê vir julle dat hulle hul loon weg het.

Mat 6:6 Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde.

Mat 6:17 Maar jy, as jy vas, salf jou hoof en was jou gesig,

Mat 6:18 sodat jy nie die mense laat sien dat jy vas nie, maar jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde.

2Kor 5:10 Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, ... (Ons moet almal openbaar gemaak word.)

Elkeen van ons het 'n SAAILAND !!!

Job 31:38 As my saailand my aanklaag en sy vore almal saam ween; "Ons moet verhoed dat ons saailand ons aanklaa"

Pred 11:6 Saai jou saad in die môre, en laat teen die aand jou hand nie rus nie; want jy weet nooit watter een sal geluk nie, hierdie of daardie, en of altwee saam goed sal wees nie.

Psm 126:5 Die wat met trane saai, sal met gejubel maai.

Psm 126:6 Hy loop aldeur en ween en dra die saadkoring; hy sal sekerlik kom met gejubel en sy gerwe dra.

SES BOUSTOWWE

1Kor 3:9 Want ons is medewerkers van God; die akker van God, die gebou van God is julle.

1Kor 3:10 Volgens die genade van God wat aan my gegee is, het ek soos **'n bekwame boumeester** die fondament (Jesus) gelê, en 'n ander bou daarop; maar elkeen moet oppas

hoe hy daarop bou.
1Kor 3:11 Want **niemand kan 'n ander fondament lê** as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus.
1Kor 3:12 En as iemand op dié fondament bou goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels—
1Kor 3:13 elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is.
1Kor 3:14 As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang;
1Kor 3:15 as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen. "Gered sonder loon"

GOUD, SILWER EN KOSBARE STENE is ON-VERNIETIGBAAR, AANNEEMBAAR EN GEE EER AAN GOD.

HOUT, HOOI EN STOPPELS is VERNIETIGBAAR, ONAANNEEMBAAR EN SOEK EIE EER EN SELF-VERHEFFING.

Ons WERKE gaan DEUR VUUR OPENBAAR GEMAAK WORD.

GOUD BETEKEN HEILIGHEID.

1Pet 1:16 omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig.
Heb 12:14 Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie;

1Thes 4:7 Want God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking.

SILWER BETEKEN REINHEID

Mal 3:3 En Hy sal sit: 'n smelter en reiniger van silwer .....

Mat 5:8 Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien.

EDELGESTEENTES.

Eseg 47:5 Verder het hy nog duisend gemeet—'n stroom wat ek nie kon deurgaan nie! Want die waters het opgerys—waters **om in te swem, 'n stroom waar 'n mens nie deur kan** loop nie.

Vierduisend el - die Heilige waters. Agter die "koraalriwwe", in die dieptes van God, kry ons al die EDELGESTEENTES. "Die verborge verhoudind in die binnekamer"

SKADE LY

1Kor 3:15 as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen.

SKADE LY = BOETE BETAAL. Ons kom dan in die Hemel met leë hande. (Die liederedigter; moet ek gaan met leë hande, moet ek so my Heer ontmoet.)

BOETE BETAAL

Ons BOETE word van ons LOON afgetrek.

GERED SOOS DEUR VUUR HEEN

1 Kor 3:15 (b)

Dit beteken GERED, maar sonder LOON en KROON. Met ander woorde ons het hemel net-net gemaak.

DIE TESOURIER

"Die tesourier van 'n goud maatskappy het besluit om sy kantoor se ou verslete mat te vervang. Terwyl hy die verslete mat staan en bekyk besef hy meteens dat hierdie ou mat vol goudstof moet wees. Hy laat toe die mat uitbrand op 'n groot vuurrooster met 'n pan daaronder om al die as op te vang. Nadat hy die as uitgesif het, het hy genoeg goud gehad om die hele kantoorgebou se matte te vervang met nuwes."

Ons werke, gebou met goud, word deur die vuur van God geopenbaar.

VYF OORWINNINGS-KRONE

DIADEMA = koninklike kroon.
STÉFANOS = oorwinnaars-kroon.

1. Die kroon van die lewe = "Martelaarskroon". (Openb 7 - Martelare)

Openb 20:4 .....; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, ...

STEFANUS was die eerste martelaar om dié kroon te kry.

Openb 2:10 ..... Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee. (Aan die gemeente van Smirna.)

2. Die onverwelklike kroon - vir die "Wedergeborene".

1Kor 9:25 ..... —húlle nogal om 'n verwelklike krans te ontvang, **maar ons 'n onverwelklike.**

1Pet 1:4 sodat ons 'n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis kan verkry, wat in die hemele bewaar is vir ons.

3. Die kroon van vreugde - "Sielewenners" kroon.

Dan 12:3 En die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel, en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos.

Spr 11:30 ....., en hy wat siele win, is wys.

4. Die kroon van "Heerlikheid" vir die Herders.

1Pet 5:4 En wanneer die Opperherder verskyn, sal julle die onverwelklike kroon van heerlikheid ontvang.

5. Die kroon van "Geregtigheid" vir dié wat uitsien na die wederkoms.

2Tim 4:8 Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het.

Openb 22:12 En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.

SEWE "OORWINNINGSLONE"

1. AAN DIE GEMEENTE VAN ÉFESE.

Openb 2:7 Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van God is.

2. AAN DIE GEMEENTE VAN SMIRNA

Openb 2:11 Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie.

3. AAN DIE GEMEENTE VAN PÉRGAMUS

Openb 2:17 Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet **van die verborge manna, en Ek sal hom gee 'n wit keursteen, en op dié steen 'n nuwe naam geskrywe wat** niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang.

4. AAN DIE GEMEENTE VAN THIATIRE

Openb 2:26 En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee,

5. AAN DIE GEMEENTE VAN SARDIS

Openb 3:5 Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele.

6. AAN DIE GEMEENTE VAN FILADELFIA

Openb 3:12 Wie oorwin, **Ek sal hom 'n pilaar in die tem-**pel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam.

7. AAN DIE GEMEENTE VAN LAODICÉA

Opb 3:21 Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het.

2Joh 1:8 Wees op julle hoede, dat ons nie verloor wat ons **deur arbeid verkry het nie, maar 'n volle loon ontvang.**

Grade van beloning

'n Baie betekenisvolle boodskap in die Nuwe Testament wat vir ons aandui dat daar grade van beloning sal wees, vind ons in die gelykenis van die ponde in Lukas 19:11-27.

In hierdie gelykenis vertel die Here Jesus van 'n sekere edelman wat na 'n ver land moes reis om 'n koningskap te gaan ontvang. Voordat hy na die ver land vertrek het, het hy sy tien diensknegte nadergeroep en aan elkeen van hulle een pond gegee, en aan hulle gesê: "Dryf handel daarmee totdat ek kom." (v 13)

Dan lees ons dat hy met sy terugkeer, nadat hy die koningskap ontvang het, die tien diensknegte geroep het aan wie hy die geld gegee het om te hoor hoeveel elkeen van hulle met die handeldryf verdien het. Die eerste een het gesê dat sy pond tien ponde wins opgelewer het, en die koning het vir hom gesê: "Mooi so, goeie dienskneg, omdat jy in die minste getrou was, moet jy gesag hê oor tien stede." Die tweede een het vyf ponde wins gemaak uit die een pond wat aan hom toe vertrou was, en aan hom is die heerskappy oor vyf stede gegee. Daar was egter een in die groep wat gesê het: "Meneer, hier is u pond wat ek in 'n doek weggesit het, want ek was bang vir u, omdat u 'n strawwe man is, u neem weg wat u nie uitgesit het nie, en maai wat u nie gesaai het nie." Toe sê hy vir hom: "Uit jou mond sal ek jou oordeel, slegte dienskneg!" ... En aan die wat daar staan sê hy: "Neem die pond van hom weg en gee dit aan hom wat die tien ponde het - want ek sê vir julle: Aan elkeen wat het, sal gegee word, maar van hom wat nie het nie, sal weggeneem word ook wat hy het." (v 20-26)

Elkeen van die tien in hierdie gelykenis het dieselfde geleenthede gehad, maar ten minste één van hulle het nie gebruik gemaak van wat aan hom toevertrou is nie. Hy het geen beloning ontvang nie.

Soos ons gesien het, het een man heerskappy oor tien stede ontvang en 'n ander heerskappy oor vyf. Hieruit leer ons dat iemand gesag gegee sal word na die mate waarin hy gebruik gemaak het van sy geleenthede om die Here te dien.

God is gretig om ons te beloon en doen alles wat moontlik is om belonings vir ons weg te bêre, maar as ons lui en vleeslik is,

s0dat ons diens niks beteken nie, sal ons gered word, maar asof deur vuur heen. Laat ons, ons voorneem om deur die genade van God nie met leë hande voor die bema, die regterstoel van Christus, te staan nie.

Mar 12:42 En daar kom een arm weduwee en gooi twee geldstukkies in, dit is ‘n oortjie.
Mar 12:43 Toe roep Hy sy dissipels na Hom en sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie arm weduwee het meer ingegooi as almal wat in die skatkis gegooi het.

Die weduwee het twee geldstukkies gebring, en alhoewel die bedrag kleiner was as wat deur die meeste ander mense gegee is, het die Here nogtans gesê dat sy meer gegee het as al die ander. Op die dag wanneer God sy diensknegte beloon, sal sy 'n groter beloning ontvang as die ander. Sy het uit die diepte van haar liefde gegee, en sodoende het sy haar hele lewensonderhoud gegee. Sy het nie van haar oorskot gegee nie. Nee, sy het alles gegee wat sy gehad het.

Moet nie op teerstrate saai nie !!

Daar is lewe in geld. Dit is waardevol. Dit is 'n geweldige krag aan die kant van die graf. Moet nie op teerstrate saai nie. Die saaier het 'n verantwoordelikheid teenoor die saad wat hy saai. Hy moet seker maak dat dit op die regte plek gesaai word sodat dit 'n oes kan voortbring, want die saaier is afhanklik van sy oes. Anders sou hy sy saad vermors. Met die oog op die oes saai die saaier. 'n Saaier sal nooit sy saad op teerstrate gaan saai nie, want dit kan vir hom geen oes voortbring nie. Dit is 'n vermorsing van saad. As jy jou geld belê, moet dit nie in dooie instansie waar dit vir jou geen oes kan bring , belê nie. Dit is om jou geld te vermors. Onthou, jou geld moet vir jou oes meebring in die hiernamaals. Wees dus baie versigtig hoe jy jou geld belê. Ek kan nie maar net gee en dink dit is die wat dit ontvang se verantwoordelikheid om na goeddunke daarmee te handel nie. Sal dit vir jou 'n oes meebring in die hiernamaals ? Die woorde van die liederedig-



ter wat lei, "Moet ek gaan met leë hande, moet ek so my Heer ontmoet ?" Jy het dus 'n verantwoordelikheid teenoor jou geld.

Die saaier !!

Psm 126:5 Die wat met trane saai, sal met gejubel maai.
Psm 126:6 Hy loop aldeur en ween en dra die saadkoring; hy sal sekerlik kom met gejubel en sy gerwe dra.
Pred 11:6 Saai jou saad in die môre, en laat teen die aand jou hand nie rus nie; want jy weet nooit watter een sal geluk nie, hierdie of daardie, en of altwee saam goed sal wees nie.

Heb 6:10 Want God is nie onregverdig om julle werk te vergeet nie en die liefde-arbeid wat julle betoon het vir sy Naam, omdat julle die heiliges gedien het en nog dien.

Opb 22:12 En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.

Bronnelys: Past PD le Roux

Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. \ Psm 38:19(b) Ek is bekommerd oor my sondes !!!

Tussen die hemel en die hel is daar 'n kloof—die kloof van die ewigheid. Hierdie kloof is onoorbrugbaar. Tussen die hemel en die aarde is daar ook 'n kloof—die kloof van tyd. Hierdie kloof is egter oorbrugbaar deur die bloed van Jesus Christus. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag. \Hand 17:30 onkunde oorgesien

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12 –**.....maak jou klaar om jou God te ontmoet,.. "MARANATA=JESUS KOM SPOEDIG TERUG !**

Saamgestel deur: Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(044) 696-5891

Epos: konanja333@gmail.com
Webtuiste: www.ramshoring.co.za

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!

As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom,** het jy alles verloor.